

Saterdag 25 Mei

Skrifgedeelte: Josua 14:1-15; 19:49-51; Openbaring 14:13	Fokusgedeelte: Openbaring 14:13
---	--

God beloon die mens

Ons goeie werke kan nie deel van ons geregtigheid voor God wees nie, maar tog lees ons op vele plekke in die Skrif dat God die mens beloon. Aan Kaleb en Josua is 'n besitting deur die HERE beloof wat hulle ontvang het. Christus verklaar dat ons bly moet wees as mense ons beledig en vals beskuldig, want ons loon is groot in die hemel (Matt. 5:12). In Jakobus 2:26 lees ons dat geloof sonder werke 'n dooie geloof is.

In die kerkgeskiedenis is talle voorbeelde van volharding in die geloof. Daar is baie martelare, die kruistogte, die Tagtigjarige Oorlog (1568-1648) waarin mense hulle lewe verloor het weens hulle geloof in Jesus Christus. In laasgenoemde oorlog het, ondanks verdrukking, die Gereformeerde kerke gegroei en die belydenisskrifte (NGB, HK en DL) ontstaan. Dit is die Heilige Gees wat die kerk, die bruidskerk, in die waarheid lei.

In Openbaring 14:12 word die loon aan die gelowiges aan volharding gekoppel. In vers 14 word die orde gestel: Ons arbeid volg ons, let wel – ons volhardende arbeid gaan ons nie vooruit nie. Indien ons arbeid ons vooruit sou gaan, beteken dit dat ons goeie werke grond vir ons geregtigheid voor God sou wees. Nêrens leer die Skrif dit nie. Ons lees in Romeine 3:20 dat geen mens op grond van wetsonderhouding deur God vrygespreek word nie.

Die beloning wat gelowiges gaan ontvang, is uit genade (HK So. 24). Dit is nie ons werke nie, maar Christus werk dit in ons en deur ons. Die loon kom dus ten volle aan Christus toe. Hy het dit ten volle verdien. Hierdie loon wat Christus verdien het, word nou aan ons gegee. Genade, alles genade.

Sing: Psalm 19-1:6

Ds. PA Coetzee (Peet) (Emeritus)